SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# NUUSBRIEF 03 van 2026

27 Januarie 2026

## NUWE AANSTELLINGS IN SAKAI

SAKAI het die volgende nuwe aanstellings met ingang van 1 Januarie 2026 gemaak. Instansies word versoek om hul rekords dienooreenkomstig te wysig.

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| Me. Princess Moeng<br>(Hoof van Afdeling: GETC: ABET)<br><br>Sy is 'n ervare en goed gekwalifiseerde opvoeder wat 'n skatkis van kennis en ervaring na SAKAI bring, aangesien sy 'n moderator van Umalusi vir Engels EAT was en ook 'n dosent by 'n privaat onderwyskollege. | Me. Therese Smit<br>(Hoof: Professionele Ondersteuning en Assessering)<br><br>Sy was voorheen as professionele adviseur in die Afdeling: Eksamens en Kwaliteitsversekering aangestel. Haar bevordering na hierdie posisie skep die nodige sinergie om SBAs en eksamenprosesse baie nader aan mekaar te bring. | Dr Micke van der Westhuizen<br>(Kommunikasie en Bemarking)<br><br>Sy moes om familieredes verhuis, maar sy was te waardevol om te verloor. Sy sal voortaan 'n kritieke plek vir SAKAI vul met haar intieme kennis van die interne funksionering van SAKAI en assesserings, sowel as met haar uitstekende kommunikasievaardighede. |

Registrasienommer 2011/100445/08 – Nie-winsgewende Maatskappy | BTW Nr. 4560265821
Posbus 90120, Garsfontein, 0042, Suid-Afrika
278 Serene Street, Garsfontein, 0181, Suid-Afrika

+27 (0) 12 348 4650/5650 | info@SAKAI.co.za | www.SAKAI.co.za
**Volledig geakkrediteer deur Umalusi**

## ONREËLMATIGHEDE IN SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING

### PROSES OM SBA-ONREËLMATIGHEDE BY SAKAI TE HANTEER

Volgens die SAKAI beleid vir Assesseringsonreëlmatighede vir onafhanklike skole, Aftandsonderrigvoorsieners (AOV) en aanlynskole, moet alle instansies 'n Interne Assesseringsintegriteitskomitee (IAIK) vorm om enige onreëlmatighede wat deur die jaar uit assesserings mag ontstaan, te oorweeg. Die komitee moet die hoof van die instansie, die akademiese hoof en twee ander senior akademiese personeellede insluit.

Die IAIK moet alle onreëlmatighede oorweeg, die toepaslike sanksies volgens SAKAI-beleid toepas en die uitkomste aan ouers en leerders kommunikeer. Ouers mag teen genoemde uitkoms van die onreëlmatigheidsondersoeke appelleer en appèlle moet deur die IAIK hanteer word. Alle onreëlmatighede moet in die Interne Assessering Onreëlmatigheidsregister (IAOR) aangeteken word.

Vir ernstige gedragsafwykings moet SAKAI onmiddellik ingelig word. Die SAKAI Onreëmatighedekomitee (SOK) sal die sake ooorweeg en terugvoer lewer waar nodig.

### INDIENING VAN DIE INTERNE BEOORDELINGSREGISTER VAN ONREËLMATIGHEDE

Instansies word daaraan herinner dat hulle verplig is om hulle onreëlmatigheidsverslae en die samestelling van die IAOR tweekeer per jaar in te dien, op 30 Junie en 30 November.

Neem asseblief kennis dat 'n beduidende aantal instansies nog nie hul verslae vir die 30 November 2025-siklus ingedien het nie. Om dit te akkommodeer, is die sperdatum verleng tot 06 Februarie 2026.

Ons versoek vriendelik dat u hierdie dokumente so gou moontlik indien:
sba-irregularities@SACAI.org.za

U samewerking verseker nakoming en ondersteun die integriteit van die assesseringsproses.

## SAKAI-TOEKENNINGSGELEENTHEID VIR NSS 2025

SAKAI het sy eerste ware toekenningsgeleentheid gehou om erkenning te verleen vir uitnemende prestasie, met die tema van *Vier Uitnemendheid* op Saterdag, 17 Januarie 2026, by The Capital in Menlyn, Maine.

Tydens hierdie gesogte geleentheid is verskeie toekennings oorhandig, wat insluit:

- Merkers en eksaminatore wat oor die jare uitstekende diens aan SAKAI gelewer het;
- Ons oudste kandidaat, 57 jaar oud, wat 3 onderskeidings behaal het, maar amper 5;
- Instansies in die verskillende kategorieë wat uitsonderlik goed gevaar het;
- Kandidate wat in sekere vakke uitgeblink het; en
- Kandidate wat oor die algemeen die beste gevaar het.

'n Volledige nuusbrief met besonderhede van die wenners en foto's van die geleentheid sal later gedeel word.